# DIE FILOSOFIESE FILTER*

'n Filter is 'n opvanger. Dit kan dien as 'n suiweraar wat die onsuiwerhede in vog of water opvang en terughou. Dit kan egter ook dien om ligstrale van 'n bepaalde golflengte op te vang en weg te hou van die oë of van die lens van 'n kamera. Hierdeur word die beeld of omgewing wat ek sien of fotografeer, gekleur. Ons gebruik die woord filter hier in lg. sin, hoewel die meeste mense dit nie as sodanig wil sien of erken nie, maar meen om dit bloot as suiweraar te gebruik.

Ons stelling, wat verder hieronder beredeneer sal word, is dat die huidige filosofie fungeer as filter oor die lens van die kamera, wat die hele teologiese beeld 'n bepaalde kleur gee. Anders gesê: die filosofie is 'n donker bril waardeur ek die wêreld en God (t.w. teologiese wêreld) in 'n bepaalde kleur sien.

Op sigself geneem, lyk hierdie stelling nie so erg nie. Is ons dan nie almal kinders van ons tyd, beïnvloed deur die gees van die tyd en die ontwikkelinge van ons tyd nie? Dit is ons inderdaad; en hierdie dinge bepaal, naas talle ander faktore (opvoeding, skoling, lewenservaring, ens.), ons kyk op en verstaan van die wêreld en óók van die Heilige Skrif. Hierdie gebondenheid aan tyd en ruimte sou ons eerder as 'n defek van die lens van die kamera ('n versmalling) of van die oog wil sien en nie as 'n filter nie. Dit gaan dus nie vir ons hier om die onbewuste beïnvloeding deur jou eie tyd nie, maar om die doelbewuste gebruik van die huidige filosofie as 'n filter wat die teologiese wêreld kleur.

Ons staan voor die ironiese situasie dat juis dít wat in die kringe van die voorstanders van die sogenaamde „neutrale wetenskap" as „onwetenskaplik" geld, nl. die uitgaan van filosofiese voorveronderstellinge, in die teologie doelbewus en met beroep op „wetenskaplikheid" toegepas word. Bultmann sluit aan by Heidegger en Jürgen Moltmann werk teologies selfstandig verder in die kader van Bloch se filosofie. Ander teoloë sluit miskien nie so direk aan by 'n bepaalde filosoof nie, maar neem tog in baie gevalle die algemene filosofiese uitgangspunte, m.n. van die moderne eksistensiefilosofie, vir hulle rekening.

Dié filosofie as „uitkristallisering van die tydgees" (Hegel), d.w.s. as stimulans vir die (natuurlike) defek van die lens van die kamera verleen aan hierdie filter sy populariteit en sy normatiwiteit. Dis nie meer die lig van die openbaring wat die keuse of afwesigheid van die filter bepaal nie, maar dis die filter, doelbewus in funksie, wat bepaal watter strale van die lig deurgelaat word en wat dus vooraf reeds die kleur van die beeld bepaal.

Die filosofie as doelbewuste en normatiewe filter! Dis die kern van ons probleem. Dis die mankement van die huidige teologie. Natuurlik word dit ontken: die filter is nie iets wat die teologie

kleur nie, maar net suiwer van sy mitologiese, metafisiese, en/of tydgebonde inkleding — asof God die groot Eksistensialis is en altyd was en die Bybelse outeurs vanweë hulle tydgebondenheid die openbaring misverstaan en verkeerd ingeklee het.

Dit is 'n ou probleem van die teologie. Die filosofiese filter het al begin fungeer vóór die middeleeue en gelei tot die Middeleeuse sintesefilosofie en -teologie. In die 17e eeu het die filosofiese rasionalisme die wonders uit die Skrif gefiltreer. Dwarsdeur die eeue verskans die mens hom agter sy eie wysheid en herinterpreteer die Wysheid Gods in daardie terme. Hierdie sintetiese teologie lê dikwels verder van die Skrif af as margarien van botter af.

## 1. Waaruit die filter bestaan:

Ons het dit aangedui as die moderne eksistensie-filosofie. Maar die eksistensialisme kom in baie nuanseringe voor, vanaf 'n Christelike (Loen, Marcel) tot 'n barre ateïstiese nuanse (Sartre). Ons sou dus eerder wil kyk na enkele historiese komponente wat as grootste gemene deler in die verskillende nuanses van die eksistensiefilosofie voorkom en in dié filosofie ook sy tipiese uitdrukking of nawerking vind. Ons noem enkele elemente van die filter.

### 1.1. *Materialisme*

Dié woord is vandag dikwels tipering van die inhalige of skeldwoord vir die kommunis. Maar ons sal goed doen deur te onthou dat dit die Westerse geestesgoed is wat die kommunisme op markante wyse formuleer en dat hierdie woord 'n veel wyer draagwydte het as wat ons besef en dat dit veel dieper in ons bloed sit as wat ons sou wou toegee.

Ons sal die feit vierkantig in die oë moet staar dat die Westerse „Christelike beskawing" 'n materialistiese tradisie van 2 000 jaar agter die rug het: vanaf Demokritos tot Haeckel. In die ontwikkeling vanaf die ruwe atoomopvatting van Demokritos tot die moderne atoomteorie by 1900 sien ons 'n tafereel van gestadige groei, sonder inwendige krisisse, wat eindelik die hele kosmos, insluitende die mens, oorheers. Die ondersoekinge van Bruno, Galilei en Kopernikus het die kontinue gedertimineerdheid van die natuur tot in die hemelsfere blootgelê. Oral geld die natuurwetmatigheid. Só het God woningloos geword. Die teorie en navorsing van Darwin e.a. het die mens as materie geopenbaar. Eintlik het Lamettrie dit al 100 jaar vóór Darwin gedoen. Hy het die volle konsekwensies uit die meganistiese wêreldbeskouing van Descartes getrek. Lg. het die diere se natuur meganisties opgevat maar vir die mens nog 'n uitsonderingsposisie probeer reserveer. In 1748 verskyn Lamettrie se boek „L'homme machine". Die titel is duidelik genoeg: ook die mens is meganisme, robot, kousaal gedetermineerd, en al sy bewegings en handelinge is vooruit matematies-eksakt bepaalbaar. As die natuur uitsluitlik en alleen deur outonome natuurwette beheers

en beheer word, dan het God geen werk meer nie. Maar as die lewende mens 'n masjien is, dan het God nie net woningloos en werkloos, maar ook sinloos geword.

Ons onderbreek vir 'n oomblik die betoog met twee opmerkings. Die eerste is 'n lakoniese een van P. Jordaan: „Dieser ... Bereich heutigen Lebens — Naturforschung und Technik — ist aber zugleich der einzige Bereich modernen Lebens, in welchem man noch nie auf die absurde Vorstellung gekommen ist, dann das (in allen anderen Lebensbereichen dauernd angepriesene) ,über-Bord-Werfen' von Traditionen ein Weg zum Fortschritt sei". Ten tweede: dis nie die „demonie van die tegniek" wat die mens 'n masjien gemaak het nie; vóór die industriële revolusie is die mens al filosofies tot masjien verklaar — al wat oorgebly het, was om hom prakties só te waardeer en te benut.

Hierdie eeu-oue tradisie van positivisme en (dialektiese) materialisme werk onverswak deur in die kommunisme — al is dit dat selfs Haeckel en Engels nie die skerpte van Lamettrie se formuleringe kon ewenaar nie. In die Westerse wêreld het die kwantumfisika van Heisenberg en Planck omstreeks die eeuwending 'n deurbraak gebring wat die wonder van die natuur weer voor ons stel en soos 'n vinger heenwys na die metafisiese wêreld. Die eksistensialisme poog ook om irrasionalisties uit die ban van die proitivistiese materialisme uit te kom deur meer aandag te vra vir die menslike eksistensie in sy ongedetermineerdheid. Of dit geslaagd is, is 'n ander vraag. In elk geval lewer die eksistensie-filosofie ook bewys van die feit dat die Westerse wêreld wat 2 000 jaar die bedwelmende wyn van materialisme gedrink het, nie so maklik die „hang over" van Anti-metafisika kan afskud nie — al verlang die moderne natuurwetenskap ook daarna. Bowendien wil die eksistensialisme dit ook nie, want dit wil, uit 'n ander hoek gesien, juis 'n reaksie wees op die idealisme van die vorige eeu.

1.2. *Romantiese subjektiwisme*

Die romantiek van die 19e eeu was 'n komplekse beweging en geen kultuurhistorikus kon nog daarin slaag om 'n adekwate omskrywing van hierdie geestesstroming te gee nie. Ons attendeer net daarop dat, terwyl die eksistensialiste nugter wil wees en die spekulatiewe idealisme van die romantiek verwerp, hulle tog idealiste „van hierdie wêreld" of „diesseitige" idealiste wil wees. Aan die anderkant word ook by hulle romantiese trekke gevind: liefde vir die natuur en verheerliking van die liefde (Rilke); „Einfühlung" i.p.v. koue verstandelikheid (Heidegger), wat sig openbaar in 'n wantroue in die rede en in die geloof dat rasionele kennis oppervlakkig en inadekwaat is. Voorts is daar die element van subjektiwisme. Dit spreek so duidelik in die belewenis van die enkeling, in die stemmingsgedigte van E. T. A. Hoffmann, Heinrich Heine, Keats en Shelley, in die musiek van Schubert, Schumann en Chopin, waar die klassieke sonata-struktuur vervang word met kort gevoelsopnames: „Lieder" en „Lieder ohne Worte" en Impromptu's. Ons vind

dieselfde subjektiwisme terug, meer bar en gevoelloos, in die belangstelling vir die menslike eksistensie, in die fokus van die aandag op die belewing en aangesproke wees (eksistensie kom vóór essensie), die vryheid, selfrealisering, „Sein zum Tode" en absurditeit van alles. Deur werklik te eksisteer en jouself van oomblik tot oomblik te verwesenlik in die keuse en selfrealisering, moet die mens hom aan sy eie hare uitlig uit die gryse nivellering van die massale bestaan van „das man" (Heidegger), wat oneintlik eksisteer.

1.3. *Historisme*

Dis ook eintlik kind van die vorige eeu en van die romantiek, waar die historiese belangstelling ontwaak het (gebroeders Schlegel, Wagner se mitologiese musiekdramas). Die historiese bewussyn wat alles later relativeer, bloei lustig in die eksistensialisme. Von Rintelen tipeer Heidegger se siening soos volg: „Time, Being, historicity and becoming are ultimate, identical structures of Dasein. Being accomplishes its own formation in history as finiteness. To make this visible is Heidegger's most intimate concern. We stand in 'absolute historicity' in which the 'boundlessly open space of being' expresses itself. Our spirit 'produces the worldtime', on the horizon of which 'history' as innertemporal happening can 'appear' " (Beyond Existentialism, 182). Die konstante word ontken ten behoewe van verandering en dan 'n radikale, essensiële verandering. Ons moet ook spreek van verandering van betekenis, selfs in die godsdiens, moraal en wette (Vom Wesen der Wahrheit, 27, 37, 42; Sein und Zeit, 436).

Jaspers onderskryf die beginsel dat die „realiteit" as sodanig buite die grense van die rasioneel kenbare lê en derhalwe nie kenbaar kan wees nie. 'n Wetenskaplike metafisika is 'n onmoontlikheid. Tog erken hy die eie waarheid van elke histories gegroeide metafisika. Gevolglik het ons 'n veelheid van mekaar onderling weersprekende waarhede. As één waarheid 'n finale besitting word, verdwyn die ander. Jaspers gee dus aan die begrip „waarheid" o.m. 'n praktiese, immer-wisselende historiese betekenis. (Von Rintelen, 202; vgl. Jaspers, Philosophisher Glaube, 118).

Afgesien van die deurwerking van die historisme en sy relativisme in die moderne filosofie, kry ons ook geskiedfilosofies hier 'n heel interessante situasie. Teenoor die antieke geskiedopvatting, wat die geskiedenis as sikliese wederkeer gesien het (of hoogstens as spiraal), was dit die Christendom wat op grond van die Skrif met sy eschatologiese perspektief die geskiedenis Liniêr gaan sien het (Berkhoff, Brünning). Resente historici sien die geskiedenis as parallelle ontwikkelingslyne van verskillende kulture (Spengler, Toynbee). Die interessante by die eksistensialisme is egter dat die lyn, die kontinuïteit wat wesenlik tot die historiese behoort, nou verdwyn. Al wat van die „historiese" oorbly, is nie meer 'n lyn nie, maar 'n diskontinue punt, die moment van eksistensiële keuse en beslissing. Omdat die mens homself telkens opnuut moet „skep" of realiseer in sy vryheid om te kies, en hier 'n afkeer bestaan teen 'n eenmalige,

permanente keuse vir 'n bepaalde saak of standpunt, is die kontinuïteit hier wesenlik prysgegee ten behoewe van die diskontinue, momentele punt van beslissing. Die eksistensiële „openheid" bly 'n leë, formalistiese eis: jy moet kies, jouself altyd weer kies, vry bly om te beslis (Simone de Beauvoir, Jaspers, Heidegger. Vgl. P. G. W. du Plessis: „Opskorting van die Etiese?"). Die vraag: *Wat* moet jy kies, is van sekondêre betekenis en die moontlikheid dat jy eenmaal klaar gekies het, is absurd. Dit maak jou 'n slaaf van jou eie besluite en ontneem jou jou eksistensiële vryheid om verder te beslis.

Nou is dit só dat die geskiedenis ook 'n diskontinue element bevat wat ons moet erken. Dit lê in die eenmaligheid van 'n historiese gebeurtenis. Die Napoleontiese oorloë sal nie weer terugkeer nie; 'n Eroïca-simfonie van Beethoven sal nie meer geskep word nie. „Maar die totstandbrenging van die nuwe geskied noodsaaklik op die dinamiese basis van wat reeds geskied is. Hierdie kontinue trek van die geskiedenis moet ook erken word. Beide trekke tesame, laat ons geskiedenis as 'n dinamiese stygende lyn . . . sien; m.a.w. die fundamentele aard van geskiedenis is voortgang" (Stoker: „Oorsprong en Rigting", 393). Waar die eksistensialisme met sy formalistiese openheid die geskiedenis reduseer tot 'n voortdurende wederkerende momentele beslissing, ontken dit die kontinue dimensie van die geskiedenis en vernietig dit die geskiedenis deur dit in sy wese aan te tas.

## 2. Die funksionering van die filter:

Dat hierdie filosofiese filter die teologiese beeld op heel effektiewe wyse kleur, kan baie duidelik gesien word in die eerste bundel van Polman se nuwe dogmatiese reeks. Wie in die begin van die bundel die argumente lees wat die dogmatiek sy bestaansreg meen te ontsê, kan hierdie argumente byna woordeliks terugvind in enige eksistensie-filosoof se werke, nl. daar waar hy die rasionele struktuur van 'n ontologiese metafisika afkraak.

Ons wil hier heel kort verwys na die kleuring van die teologiese beeld en toon hoedat *filosofiese* probleemstellinge en kritieke in die *teologie* ingedra word of hierin weerklank vind.

### 2.1. *Die vrye God as analoog aan die eksistensieel vrye mens*

Heidegger se standpunt in Holzwege (137 en 309) kan soos volg saamgevat word: „The God of the West is only a God of ontic being (i.e. seen as determined and present), which is now out of date. He is not a God of indetermined being as in eastern Asia (Von Rintelen, 172)". Vgl. hiermee o.m. die vroeë Barth: God is die „ganz Andere", die radikaal vrye, wat geen slaaf van sy eie (statiese) besluite word nie; selfs oor sy Woord kan ons nie „beskik" in die vorm van 'n papierpous nie. Barth se uitverkiesingsleer moet ook in hierdie lig verstaan word.

2.2. *Ontkenning van die transsendente*

Veel sterker as die toespitsing op die radikale transendensie van God is die ontkenning van die transendente in 'n anti-metafisiese „diesseitigkeit". (Vgl. Kuitert: „Realiteit van het Geloof").

Von Rintelen gee die digter Rilke se opvatting oor die liefde weer: „. . . for purity's sake, loving must be intransitive and impersonal . . . Thus to remain in lonely self-sufficiency without an answer to one's own love, appears as the highest stage, especially as it demands a super-human effort. And such an act of luminous and free loving, unrelated to a person and without any desire, this according to Rilke, is the greatest depth, indeed, is God Himself. He is no Being but remains a quality of this human act" (p. 155, n.a.v. Rilke se Malte Laurids Brigge, laaste deel). God kan dus nie *objek* van bindende liefde wees nie. Die eggo's van hierdie klanke in die moderne teologie is legio. Tillich en Robinson: God is die diepte van ons bestaan (of van die bestaande); Robinson, Bonhoeffer en Fletcher: alleen liefde word geëis, liefde versus die wet (Robinson, Christian Morals Today) wat in elke kontingente situasie opnuut, onkasuïsties, eenmalig gerealiseer moet word. Mens kry die indruk dat die liefde ook hier 'n leë formalistiese eis word: *wat* jy doen, is nie die belangrikste nie, solank jy dit in liefde doen! Oor die toespitsing van hierdie anti-transendente houding by Altizger, Cox en W. Hamilton, kan ons maar verder swyg.

Hierdie formele onselfsugtigheid en onpersoonlike liefde, „an existential demand without a material obligation" (Von Rintelen) is ook die basis vir die moderne „fellowship", wêreldbroederskap en seker tot op groot hoogte ook vir die teologie van die rewolusie.

2.3. *Beklemtoning van die immanente*

Let op die radikale en tog kontradiktoriese (dialektiese) formuleringe van die filosowe: „Finiteness and transitoriness themselves have infinite value"; „Transcendence is placed within immanence".

Die beeld van die moderne teologie vertoon dieselfde kleur as die filter. Die klem op die immanente kom tot uiting nie net in wat in die vorige paragraaf gesê is nie, maar ook verder in:

2.3.1. die ontmitologisering van die Skrif omdat engele, wonders, opstanding nie inpas in die immanentistiese wêreldbeeld van vandag nie, maar 'n primitiewe metafisika veronderstel (maar let daarop dat Bultman die teologie wil laat inpas in die deterministies-materialistiese wêreldbeeld van Haeckel wat al lank reeds agterhaal is deur die moderne kwantum-fisika en die moderne antropologie (Heisenberg, Planck, Jordan, Cooke, Landmann));

2.3.2. die positivistiese verifieerbaarheid van wat die Skrif sê soos die nuwere hermeneutiek en algemene taalteorie dit eis — iets wat verband hou met die filosofiese opvatting van taal as die „sfeer van die syn" (Heidegger) en boonop 'n oordrag is van die positivistiese metode van die natuurwetenskap na die taalkunde (vgl. Van Buren se eksegese: God is my lied = ek sing);

2.3.3. die kontingente, relatiewe historiese gewordenheid van alle dinge: die menslikheid en tydgebondenheid van die Skrif; openbaring as immanente, aktuele momentele gebeure; „Wortgeschehen", geloof as waagstuk en as telkens herhaalde eksistensiële beslissing.

## 3. Slot

Dit is nie moeilik om kenteoreties kritiek uit te oefen op die eksistensialisme nie, want hulle irrasionele dialektiek sny logies geen hout nie. Oor die hele linie is daar 'n frontaanval op objektiwiteit. Maar objektiwiteit, gegewenheid („Gegenständlichkeit"), substansialiteit kan nie, soos die eksistensialiste wil, beperk word asof dit net betrekking het op materiële entiteite nie. Hierdie verenging is te wyte aan hul positivisties-meganistiese uitgangspunt. Daar is ook geestelike en onsigbare dinge en magte wat gegewenhede is, maar wat ontologies gesien, iets anders is as „dingliche Vorhandenheit". Gebrek aan hierdie onderskeidinge en die valse antitese tussen dinamiese eksistensialiteit en „dingliche Vorhandenheit" lei tot veel verwarring en eensydighede in die . . . teologie.

Ons moet oog daarvoor hê dat die eksistensiële openheid 'n *prinsipiële* houding is, wat die ban van 'n sisteem verraai, al word dit ook hoe heftig ontken.

Miskien het dit tyd geword dat die teologie 'n keer hierdie filter afhaal. Dan sal ons besef dat al die teologiese probleme van antimetafisika en hermeneutiek ens. *geen teologiese* probleme is wat vanuit die Skrif tot ons kom nie, maar filosofiese probleme is wat ons tot teologiese status verhef het. Dan sal ons ook besef dat die evangelie nie goed „vertaalbaar" is in hierdie terme nie; dat die liefde ook 'n inhoud wat konstant is, het; dat die geskiedenis nie só relatief is nie, omdat God dit lei en Hom daarin openbaar. Dan kan ons by die helder lig van die Skrif dalk 'n dwase antwoord gee op die wysheid van hierdie wêreld, maar tog 'n bevrydende antwoord.

Groblersdal. L. F. Schulze.

---

* *Gelewer voor die Pretoria-kring van die Dogmatologiese Werkgemeenskap. By die persklaar maak van hierdie artikel het 'n nuwe bundel opstelle in die reeks „New Theology" (no. 7) onder my aandag gekom. Dit dra die veelseggende titel: „The Recovery of Transcendence" en bevat enkele bemoedigende geluide.*